Geskenkpakkies vir Senior burgers (Nov. 2020)

Al het COVID-19 veroorsaak dat Caritas nie die jaarlikse funksie vir senior burgers 80 jaar en ouer kon aanbied nie, was hul in staat om aan elk van die 191 senior burgers ‘n geskenkpakkie te gee. Baie dankie omgeegemeente vir jul reuse kontantbydraes wat dit moontlik gemaak het. Dankie ook aan diegene wat bestanddele en items geskenk het om die inhoud van die pakkies aan te vul. ‘n Groot dankie aan al die koekiebakkers, vulsel-smeerders, verpakkers en dié wat die geskenkpakkies opgemaak het. Baie dankie ook aan die blokleiers en omgeewerkers wat die pakkies afgelewer het. Dit was ‘n ongelooflike, heerlike spanpoging.

Die dames van Caritas,bygestaan deur ‘n span van Dienende Hande,het ongeveer 100kg deeg verwerk tot klein koekies.
Die fotos onder toon die addisonele inhoud van die geskenk,en die klaar gepakte en gestrikte pakkies, reg vir uitdeel.